SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

SAG #1 netwerk VIR JOU LEWE

'Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels.' Matteus 28:19

# Maandelikse Bybel Bespreking
# Power of Five... vir meer as 500 jaar

Op 31 Oktober herdenk die kerk wêreldwyd die Reformasie. Dit is meer as 500 jaar gelede dat Martin Luther sy 95 stellings aan die kerkdeur vasgespyker het. Daarmee het hy nie 'n nuwe kerk begin nie, maar die bestaande kerk herinner aan haar roeping om weer die Evangelie in sy volheid ernstig op te neem. Die Hervorming het ons teruggebring na die hart van die Bybel.

Die sogenaamde *vyf Solas* is die kern van hierdie beweging – die vyf pilare waarop ons geloof en kerkwees gebou is:

- **Sola Scriptura** – Die Woord alleen: 'n Kerk wat God se Woord ernstig neem.
- **Sola Fide** – Deur Geloof alleen: 'n Kerk waar geloof alleen red.
- **Sola Gratia** – Genade alleen: 'n Kerk wat gebou is op genade.
- **Solus Christus** – Christus alleen: 'n Kerk waar Jesus die enigste Redder is.
- **Soli Deo Gloria** – Aan God alleen die eer: 'n Kerk wat alles tot eer van God doen.

Paulus herinner ons in Romeine 10:9-10 dat ons geloof en getuienis hand aan hand gaan: *"As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word."* Hierdie getuienis is juis die kern van Evangelisasie – die Goeie Nuus leef in ons harte, klink uit ons monde én is sigbaar deur ons lewens.

So vier ons Hervormingsdag nie net as 'n historiese gebeurtenis nie, maar as 'n uitnodiging om weer ons eie getuienis te herontdek en uit te leef. Dis wat dit beteken om 'n protestante reformatoriese gemeente te wees. Dit is The Power of 5! 'n Kerk waar die Woord die rigting wys, geloof die antwoord is, genade die geskenk, Christus die kern, en God se heerlikheid die doel. 'n Lewe en geloof wat deur die eeue die lig van God-Drie-Enig laat skyn.

*(met gedeeltelike erkenning aan Dr Antoinette Janse van Rensburg NHKA.org oor Hervormingsdag)*

Andrè Harmzen

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## "Getuienis en Evangelisasie"

Wanneer Jesus in Matteus 28:19 sê: *"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels"*, plaas Hy die roeping van getuienis en Evangelisasie op die skouers van elke gelowige. Dit is nie net 'n taak vir die dissipels, of sommige mense nie – dit is ons almal se pad van gehoorsaamheid.

Ons Hervormingserfenis is 'n bewys hiervan. Die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls was nie net teologiese dokumente nie; dit was getuienisse van geloof, en instrumente waarmee die kerk die Evangelie helder en duidelik verkondig het. Hulle herinner ons dat ons geloof altyd gedeel, geleef en beleef moet word.

Hierdie maand verbind ons dit ook aan ons *Harvest Festival* – 'n dankfees waarin ons erken dat alles wat ons het van die Here kom. Soos die oes gedeel word, word geloof ook gedeel: dit is ons geestelike verantwoordelikheid. En juis hier herinner die vyf Solas ons dat ons roeping en getuienis nie uit onsself kom nie, maar uit God se Woord, genade, geloof, Christus en tot Sy eer alleen.

Kom wees deel van Oktober se Eredienste en gebeure – 'n tyd om jou geloof te verdiep, jou getuienis te verfris en saam met die gemeente in te skakel by God se groter netwerk van genade.
Jou plek in SA Gemeente is deel van die groot storie van God se getuienis in die wêreld.

Sien jou daar!
Andre

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE


TIENER NAWEKE

KERSDIENS

TRADISIONELE VINGER ETE

DAMES 'AFTERNOON TEA'

RESEP VAN DIE MAAND

AUTUMN BLESSING

TOE DIE KLOKKIE LUI, HET GENADE INGEKOM

DIE SMAAK VAN LEWE LÊ NIE IN DIE KOPPIE NIE

KONTAK ONS


# Tiener Naweek




**Year 10-13**

**24-26 Oktober**

'n Kamp waar elke tiener op hulle vlak bedien word. Vier kragtige sessies oor Jesus se liefde en volgelingskap, met lofprysing, kleingroepe en leiers wat saam reis.
Baie speletjies, heerlike kos, Afrikaanse pret en Engelse leer.
Vars, Betekenisvol en Lewensveranderd.

Koste per kind: £100.00
Year 10-13- Skryf hier in

Kontak persoon: Katinka Crossman: katinka@sagemeente.com
Waar: Oakwood Youth Camp Waterloo Road, Bracknell, Wokingham RG40 3DA
'n Paklys sal ontvang word saam met die bevestigings e-pos wat gestuur word, sodra jy bespreek het.
Skryf in vir watter jaar jou kind in sal wees op 1 September 2025
Sluitingsdatum 1 Oktober

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tiener Naweek

## Year 7-9










Annelay van Schalkwyk:
Church camp was a really good experience. I would definitely go next year. I learnt so much about God and how to include Him even more into my life. I made so many friends along the way. The food was amazing and I loved our room! Church camp is such a good place to bond with God/Jesus and to talk about His importance and how He can guide me along my way growing up.











SA GEMEENTE
SA CONGREGATION













Helenè Claassens: Die jaar se tiener kamp was ’n jol! Ek het gelag tot my maag seer was, nuwe pelle gemaak, en aktiwiteite gedoen wat my laat sweet het soos ’n wors op ’n braai. Ek het nuwe goed geleer — soos hoe om nie te verdwaal tydens die bosloop nie (spoiler: ek het verdwaal). Groot shoutout aan die leiers wat ons nie in die bos gelos het nie, die aanbieders wat alles so smooth laat verloop het, en natuurlik aan die kokke — julle het ons gevoer soos konings! Met al die biltong, droëwors en melktert het my laat voel asof ek terug is in Suid-Afrika. Julle is legends! Hierdie kamp was next level, en ek sal dit defnitief weer doen... sal dit definitief aanbeveel vir die wat nog dink om te gaan.
😄🍰















Breakfast

enjoy!









Believe







Katherine Cornelissen: "Ek was aan die begin bietjie onseker om op die kamp te gaan, maar die kamp personeel en ander tieners het my baie vinnig welkom laat voel. Die sessies was baie betekenisvol en die speletjies was groot pret. Die kos was ongelooflik! Ek kan nie wag vir die volgende tienerkamp nie"







Henre Harmzen sê: Dit was my 2de jaar by die tienerkamp, en hierdie keer was ons by 'n nuwe plek naby Wokingham. Ons het 'n kar vol seuns van die Loughton gemeente saam gery – sommer lekker gekuier al oppad soontoe. Dit was Kael en Retief se eerste keer by die kamp so ek en Mika het hulle bietjie vertel wat om te verwag en wat ons laasjaar gedoen het.

Ek het regtig uitgesien om weer my vriende van Birmingham en Suidwyk te sien, en dit was great om weer saam te kuier. Die kamp was vol pret.
Ons het minder van die venue se aktiwiteite gedoen, maar meer van ons eie speletjies – en dit was actually net so lekker.

Die sessies en worship was vir my die hoogtepunt van die hele kamp. Die kos was baie lekker – en ja, ons het beslis genoeg gesnack tussen alles deur.

Ons was almal baie moeg toe ons Sondag terug ry en almal het in die kar geslaap.
Ek sien al klaar uit nog volgende jaar en wil kyk om nog meer vriende saam te nooi.
Dankie aan al die leiers en kosmaak spanne.














Chris Hamman: Why You Should join a Christian Tiener Kamp-from someone who was nervous at first-but now can't wait to go back. When I first arrived at the tiener kamp, I'l be honest- I was a bit nervous. I didn't know exactly what to expect or if I'd fit in. But within the first 15 to 30 minutes, something amazing happened: I realized I wasn't alone, Everyone there was just like me-young Christians who speak Afrikaans, love South African culture, and either grew up in South Africa or were raised in homes where that culture is still alive. It felt like walking into a family I didn't know I had. We worshipped together, laughed a lot, shared stories, and built friendships that l still hold on to today. The leaders were welcoming and kind, and I always felt safe to be myself-both spiritually and personally. If you've ever felt unsure about joining a camp like this, I understand - but trust me, it's worth it. You'll grow in your faith, meet people who "get" you, and have the kind of fun that doesn't fade when the camp ends. So don't overthink it. Come as you are and let God take care of the rest.













SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens



**Almal word met vreugde uitgenooi na die Kerssangdiens**
**30 November 10 uur**
**Kom beleef die wonder van Christus deur sang en musiek**

Na die diens kuier en eet ons saam.
Op die spyskaart is:
Skaapboud, groente, broodjies en slaaie
Malva poeding en vla vir nagereg
Volwassenes £15 (11 en Ouer)
Kinders £7 ( 5-10jaar)
Almal bring hul eie drinkgoed en eetgerei

***Kom neem jou plek aan tafel in......***

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tradisionele Vinger Happie Kuier
# 21 September
# Direk na die Erediens




Dankie vir almal wat elke Sondag help om die Erediens seepglad te laat verloop.
Voor die Erediens, tydens die Erediens , asook na die Erediens







**Die Tieners vertel waarom almal die Naweek moet bywoon!**





SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tradisionele Vinger Happie Kuier
## 21 September
## Direk na die Erediens

Baie dankie vir almal se moeite om eg Suid-Afrikaanse happies te maak of te koop en te deel. Dit was vinger lek lekker!



Chrunchies





Sjokolade blokkies





Boerewors



Frikkadelle


Koeksisters



Pannekoek










Vla skywe

Biltong broodjies

Fudge





















SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Dames Afternoon Tea

**18 Oktober 2025**

**13:00 - 17:00**

'n Lekker saam kuier, lag, eet en gesels middag!

Saam met die kuier en gesels gaan ons ook kerse versier.
'n Heerlike rustige aktiwiteit sodat almal lekker kan ontspan.

Kom kuier saam by The Barn at Berryfields,
CV7 7LB
Koste £25 per Dame vir 'Afternoon Tea'
Skryf asb in voor 2 Oktober.

Vir al die inligting en om jou plek te bespreek,
besoek die webblad.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand

## Andreas Forest School Apple Turnover pastry



Ingredients:

Apples
Puff Pastry
Sugar
Cinnamon
Berries (Blueberries / Raspberries / blackberries) – Optional

Method:

1. First peel your apples
2. Cut your apples in chunky bits
3. Coat the apple in some butter, sugar, and cinnamon
4. Cook your apples for about an hour in over on 180C
5. Let your apple cool down slightly
6. Add you apple and berries mix on the pastry sheet and fold over like a pie
7. Add some milk or egg wash over the pastry sheet
8. Bake at 180-200 C until golden brown
9. Enjoy

Baie dankie aan Andreas Harmzen (Junior kok),
wat sy staatmaker resep met ons gedeel het!

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Autumn Blessing

O God of Creation,
You have blessed us with
the changing of the seasons.

As we welcome the autumn months,
may the earlier setting of the sun
remind us to take time to rest.

May the brilliant colours of the leaves
remind us of the wonder of Your creation.
May the steam of our breath in the cool air
remind us that it is You who give us the
breath of life.

May the harvest from the fields remind us
of the abundance we have been given and
bounty we are to share with others.
May the dying of summer's spirit remind
us of your great promise that death is
temporary and life is eternal.

We praise you for your goodness forever
and ever.
Amen

# "Toe die Klokkie Lui, het Genade Ingekom"

Die Sondagoggend staan die Dominee op die preekstoel. Sy oë gaan oor sy gemeente, en toe vra hy of daar dalk iemand is wat 'n getuienis het wat hy wil lewer voor die diens begin. Heel agter in die kerk staan 'n ouerige dame op, haar gesig stralend.

"Niemand ken my in hierdie kerk nie," begin sy vertel, "want sien, voor verlede Sondag was ek nie 'n Christen nie, en ek was nog nooit in hierdie kerk nie." Die mense rek eintlik hulle nekke om hierdie vreemdeling te sien.

Sy begin haar verhaal vertel:"My man is 'n paar jaar gelede dood, en toe los hy my stoksiel alleen op hierdie droewige aarde. Laas Sondag was dit 'n besonder koue, nat en mistroostige dag, en ek het net gevoel dat daar vir my absoluut niks hier oorbly om voor te leef nie. Ek het 'n stuk tou gevat en 'n stoel, en ek is op na die solder toe. Daar het ek op die stoel geklim, die tou om 'n balk vasgemaak en die ander punt om my nek.

En daar staan ek, so bitterlik jammer vir myself. Ek het die einde van my paadjie bereik! Net toe ek wil spring, lui die deurklokkie - ek het my byna dood geskrik. Ek het doodstil gestaan en gedink dat wie ookal die klokkie lui sou padgee, maar hy het nie!

Die gelui het al harder en dringender geword, en ek het begin wonder wie mý deurklokkie so sou lui, want niemand het ooit vir my kom kuier nie. Naderhand het die gelui 'n geklop geword en naderhand het die persoon met sy vuiste teen die deur gehamer. Ek kon dit nie meer vat nie, en toe maak ek maar die tou los om te gaan kyk wie dit is."

"Ek kon my oë nie glo toe ek die deur oopmaak nie, want voor my het 'n seuntjie gestaan - sy gesiggie stralend soos 'n engel s'n. En daardie glimlag - ek kan dit skaars beskryf! En toe hy begin praat, is dit soos 'n engel wat met my praat:

"Tannie", het hy gesê, "Tannie, ek kom net vir Tannie vertel dat Jesus vir Tannie 'rêrag' liefhet!" My hart wat so morsdood was het in my keel geklop. En toe gee hy vir my hierdie traktaatjie wat ek vashou."

## "Toe die Klokkie Lui, het Genade Ingekom"

"Toe hy weg is, vat ek die traktaatjie, en ek lees dit oor en oor - ek het elke woord daarin ingedrink. En toe stap ek op na die solder toe, en ek gaan haal die tou en die stoel, want toe was hulle nie meer nodig nie, want sien, ek is nou 'n Kind van die Koning.

Julle kerk se adres was agter op die traktaatjie, en ek het net vanoggend gekom om te kom dankie sê vir die engeltjie wat my lewe kom red het, en my gered het van die ewige verderf in die hel."

Teen daardie tyd was daar seker nie 'n enkele persoon in die kerk wat nie gesit en trane afvee het nie. Die dominee het van die preekstoel afgeklim en sy klein engeltjie styf teen sy bors vasgedruk terwyl die trane vryelik oor sy wange loop.

Daar is seker nie 'n gemeente wat 'n groter oomblik van glorie beleef het as hierdie een nie, of 'n pa wat meer vervul was met liefde en eerbetoon vir sy seun as hierdie een nie .. buiten Een: hierdie Vader het óók Sy Seun in die donker, koue wêreld ingestuur om die Boodskap van Redding aan die wêreld te bring.

Sy Seun was verag, verwerp, gespot, geslaan en aan 'n kruis vasgespyker. En toe alles verby was, het Hy Sy Seun terug verwelkom en Hom op die troon laat sit om te regeer oor die heelal.

Daardie Seun bring vandag steeds hoop en redding vir die wêreld, maar hy vra vrywilligers soos ek en jy om Sy boodskap met vreugde uit te dra aan mense wat verlore is.

Wees soos die seuntjie en moenie omdraai en wegstap nie VOLHARD

# "Die Smaak van Lewe lê nie in die Koppie nie"

'n Groep oud studente, waarvan die meeste die hoogste sport in hul beroep bereik het, het op 'n dag 'n besoek gereël by hul gunsteling oud professor van die universiteit waar hulle almal gestudeer het.

Die geselskap het vinnig ontaard in 'n kla-sessie oor die spanning wat hulle in hul werk en lewens ervaar.

Nadat die professor sy gaste koffie aangebied het, is hy kombuis toe en keer terug met 'n groot ketel koffie en 'n verskeidenheid koppies. Die koppies het gewissel van porselein, glas, kristal, sommige wat baie goedkoop gelyk het, ander wat baie duur gelyk het en sommige wat besonders mooi was.

Hy het sy gaste genooi om hulself te help met die koffie.

Toe al die oud studente 'n koppie koffie in die hand het, het die ou professor begin praat: "As julle sal oplet sal julle sien dat al die mooi, duur koppies gebruik is en dat dit die gewone goedkoop koppies is wat op die skinkbord oorgebly het. Alhoewel ek verstaan dat dit vir manne van julle status normaal is om slegs die beste vir julself te wil hê, is dit ook die bron van julle probleme en julle spanning.

Wat julle moet besef is dat die koppie opsigself geen kwaliteit tot die koffie toevoeg nie. In die meeste gevalle is dit bloot net 'n kwessie van 'n duurder koppie wat boonop nog die inhoud van dit wat ons drink verberg.

Wat julle almal regtig wou gehad het was koffie, nie die koppie nie, maar bewustelik het julle almal die beste koppies uitgekies.

Toe begin julle verder mekaar se koppies te beloer om te sien wie het die beste koppie gekry.

Dink so bietjie na oor die volgende:
Die lewe is die koffie; die werk, geld en aansien in die gemeenskap is die koppies- bloot die gereedskapstukke wat die lewe insluit en omvou.

Die koppie wat ons het bepaal nie of verander nie die kwaliteit van die koffie, van die lewe wat ons leef nie.

Soms gebeur dit egter dat ons só konsentreer op die koppie dat ons vergeet om die koffie te geniet wat God aan ons voorsien het."

God berei vir ons die koffie, nie die koppies nie... so geniet jou koffie!
Die gelukkigste mense het nie die beste van alles nie. Hulle maak slegs die beste van dit wat hulle het!

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION


## KALENDER

5 OKTOBER EREDIENS 10 UUR

12 OKTOBER HUISKERK 9 UUR

19 OKTOBER EREDIENS 10 UUR

26 OKTOBER HUISKERK 9 UUR



**Dra die Lig**

**Mag die Here jou seën met 'n hart wat brand vir Sy Woord,**
'n mond wat getuig van Sy genade,
en voete wat loop na die verlore en die gebroke.
**Mag jou lewe 'n lewende brief wees,**
gelees deur dié wat nog wag op hoop,
en mag jou dade fluister van Christus se liefde
lank voor jy 'n woord spreek.
**Mag jy die moed hê om te getuig,**
selfs wanneer die wêreld stil bly,
en mag jy die wysheid ontvang om te evangeliseer
met sagtheid, waarheid en vreugde.
**Mag die Gees jou lei om 'n ligdraer te wees,**
in strate, huise, kantore en harte—
want elke siel is kosbaar,
en elke ontmoeting 'n geleentheid om Jesus te wys.
**Mag jy weet: Jy is geroep, bemagtig en gestuur.**
Gaan met vrede, gaan met krag,
gaan met die Naam wat red.
Amen.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •OKTOBER 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG003 na 70191**
**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**

# Kontak Helena



Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com